**Saterdag 16 September**
**Lees: Prediker 11:7 – 12:8**
**Fokus: Prediker 11:9; 12:1**
**Hou die Here altyd in gedagte, want sonder Hom kom alles tot niks**

Die Prediker beskryf in hoofstuk 12 met beeldryke taal die oudwordproses: lewenskwaliteit verswak (vs 1-3a), tande word stomp en minder (vs 3b), sig verswak (vs 3-4a), gehoor verswak (vs 4), moeilik loop (vs 5), grys word (vs 5-6) en die sterfdag (6-8). ’n Mens word gebore, jy het ’n sprankelende jeug, kreatiewe middeljare, wyse ouer jare en dan die proses van verlies en die sterwenstyd. ’n Proses wat tot niks kom nie – maar net nog ’n lewe tussen twee datums – geboortedatum en sterfdatum.

So lyk die lewensgeskiedenis as jy die Here nie ken nie, maar met die Here altyd in gedagte, is die lewe nie ’n somber proses wat tot niks kom nie. Die Prediker rig hom in besonder tot die jong gelowige: geniet die lewe en vind vreugde in jou dae, beleef en ervaar die sprankel van jonk wees – maar onthou dat jy ’n verbondskind is wat lewe voor die aangesig van die Here. Die Here sien ons en vra rekenskap.

Daarom moet ons Hom in gedagte hou wanneer ons die jongmenslewe geniet. Genietinge sonder die Here kom tot niks. Genietinge aan die hand van die Here bring lewensvreugde wat uitloop op ’n betekenisvolle oudag. Wanneer ons oud word, neem ons lewenskwaliteit af. Maar die lewenspad aan die hand van die Here bou die gees en gee hoopvolle berusting.

Geniet al die fases van die lewe aan die hand van die Here en wanneer die einde in sig kom, weet dan dat alles betekenis en waarde gehad het, want die Here het gelei en bestier en my sterfdatum is eintlik ’n nuwe geboortedatum. Vir dié wat die Here nie ken nie, kan die lewe lekker wees, maar dit kom tot niks. Wie met die Here wandel, het ook lewensgenietinge wat nie tot niks kom nie, maar oorloop in die ewige vreugde.

Geniet die lewe, maar hou die Here in gedagte.

*Sing: Psalm 119-1:1, 39*

*Prof. JM Vorster (Koos) (emeritus)*